# SURVIVAL 201

## Hoe om isolasie-tyd te oorleef: Connect

**Brene Brown** – ***"Connection is why we're here; it gives purpose and meaning to our lives."***

## Inleiding (welcome)

Wat doen jy of wat het jou tot dusver gehelp om hierdie isolasietyd te oorleef?
Watter voordele en nadele het die sosiale media in hierdie tyd?
Met wie het jy die laaste 3 weke op sosiale media (Facebook, wattsapp, instagram, teks) kontak gehad wat jy baie lanklaas mee gesels het?

Om te illustraeer hoe belangrik is kontak, kyk na die volgende video: https://news.sky.com/video/chamonix-france-gillon-campbell-recalls-digging-his-son-out-of-an-avalanche-11945699

## Skriflesing: Lees Efesiers 2:1-5, 11-13, 17-22

Paulus is in die tronk as hy hierdie brief skryf. Hy is dus ook in isolasie of 'n unieke vorm van afsondering, maar hy gebruik die geleentheid om hierdie gelowiges in Efese aan te moedig.
In hierdie hoofstuk wil hy vir hulle die waarde onderstreep van konneksie.

- **Wat benadeel jou verhouding met die Here? Of wat maak dat dit vir jou moeilik is om te bid en met die Here te praat?**

  Watter perspektief wil **verse 1-3** hier gee?

  Hoe kill sonde ons verhouding met God?

- **In verse 11-12 beskryf Paulus in detail die implikasie van die afstand wat sonde in ons lewens veroorsaak. Wat verstaan julle onder elkeen van die terme?**
  - *om sonder Christus te wees (hoe sou dit gewees het om nie te weet van Christus se reddingswerk aan die kruis nie?)*
  - *uitgesluit uit die burgerskap van Israel (om uitgesluit te wees van God se mense, volk)*
  - *ver van God af (daar is geen manier om nader aan God te kom nie)*
  - *sonder deel aan die verbond en die beloftes (het geen beloftes om aan vas te hou nie, veral nie God se beloftes in die verbond nie – Gen 12:1-3)*
  - *sonder hoop (geen toekoms)*
  - *sonder God (uitgelewer aan onsself)*

  ***Al hierdie sake wil kom vertel van die afstand tussen ons en God – en om sonder konneksie te wees, kill!***

- **Wat doen God aan hierdie breek in konneksie?**
  - **v 4-6**
  - **v 13**
  - **v 17**
  - **v 18**

- **Ons moet alles in ons vermoë doen om kontak te maak** om hierdie kanaal tussen God en ons oop te hou. **God doen alles van sy kant af**, maar wat is daar **wat ons kan doen**? Wat het in die verlede al vir jou gehelp om die kontak tussen jou en God te herstel? Gee vir elkeen in die groep 'n kans om te vertel en maak 'n lysie van hierdie goed:
  - 
  - 
  - 
  - 
  - 

  - Ons het tyd, die lewe het nou 'n ander ritme... moenie al jou tyd en energie op goed mors wat nie hierdie konneksie sterker maak en gesond hou nie – en onthou die kans hiervoor gaan vinnig verby, die tyd loop uit.... doen dit!

  - Maak tyd, bid, lees, dink, luister, praat, sing, wag... word stil, stel jouself oop, soek God

Twee ander belangrike gedagtes:

- Vir oorlewing is 'n spieel baie handig, veral as jy verdwaal, want daarmee kan jy lig reflekteer wat jou posisie verklap en vir mense help om by jou uit te kom. Soos 'n spieel reflekteer ons lewens ook iets. Mense het nodig dat jy jou kontak met God gesond hou, want dit wat jy reflekteer kan hulle lewens red! **Wat reflekteer jou lewe** oor jou verhouding met die Here?

- Net soos ons konneksie met God gesond moet wees, **moet ons konneksie met mense ook gesond wees** – jou uitreik en belangstel en omgee en oproep of teks of boodskap hou iemand anders aan die lewe – moet nooit die waarde daarvan onderskat nie.

## Ons uitdaging is: (*works*)

i. Hoe kan ons mekaar in hierdie tyd help?

ii. Watter belofte uit hierdie gedeelte gaan jy hierdie week aan vashou?

iii. Watter challenge is daar vir jou in hierdie gedeelte?

iv. Met wie gaan jy die week connect?

## Ons bid vir: (*worship)*

1. Begin deur eers net vir God dankie te sê
2. Dnak God dat Hy die konneksie met Hom wil regmaak.
3. Bid vir mense wat jou konneskie nodig het, iemand wat jy ken wat dalk alleen is.
4. Noem een saak uit hierdie gedeelte wat jy geleer het en wat jou die meeste challenge en vra die groep om vir jou daarvoor te bid.